Duplicate

DA - 60

Booked 25/8/83

'Nurse Jvant - on tanksiz!'
(editorial)

(Acc 20)

DA-60

# Nuwe Front, ou turksvy

DIT kan wees dat die geskiedenis homself gaan herhaal met die United Democratic Front, die nuwe buite-parlementêre beweging agter wie linkse Progge so lus lyk om aan te tou.

Dertig jaar gelede was daar immers ook so 'n beweging; ook gestig om buite-om die Parlement die land op horings te neem, en ook gerig teen belangrike wetgewing van die Regering.

● Destyds se stormtroepe teen die Nasionale regering wou emosies gaande maak oor die Kleurling-stemreg en die pogings om Kleurlinge op 'n aparte kieserslys te plaas; vandag s'n wil massa-histerie aanblaas teen die Ontwerp-grondwet, waardeur die bruinmense terug in die Parlement sal kom.

**Die beweging van dertig jaar gelede het ook begin met die naam United Democratic Front.**

Die destydse Front, gestig in 1952, is vermoedelik waarna dr. Alex Boraine, voorbok van die Progge se linkse magskliek, verwys het toe hy sy loflied aangehef het oor die huidige United Democratic Front as "die belangrikste ontwikkeling in Suid-Afrika sedert die jare vyftig".

Daardie United Front, soos hy mettertyd geheet het, met Sailor Malan se wilde manne van die Torch Commando as voorlopers, het o.m. bestaan uit die Arbeidersparty en – as vernaamste parlementêre arm – die Verenigde Party, onder mnr. Koos Strauss.

Die destydse United Front het nie lank gehou nie.

Die Torchies is toenemend as magte van anargie beskou. Kleurling-oudgediendes het boonop padgegee uit die Torch Commando, wat ook met die Natalse separatiste deurmekaar geraak het.

In dié jollie goeie ou tyd het die Torch Commando in 1952 opgeruk na Wakkerstroom se tussenverkiesing, waar die Nattes hullê met die kous oor die kop weggestuur het.

● Vir die ou Afrikaner-Sappe het die Afrikanerhaat wat uit die United Front gestraal het, toenemend 'n gebondbare verleentheid geword. Die nekslag was 1953 se verkiesing, wat die NP met 'n vergrote meerderheid gewen het.

Dit was die begin van die einde vir mnr. Koos Strauss, wat naderhand deur sir Div as VP-leier vervang is.

*Dit was ook die einde van die United Front – en een van die grootste spykers vroeg-vroeg in die VP se doodkis.*

● Nou beleef ons weer 'n voetjie-voetjie-spelery tussen die Progge se linkses en die nuwe United Front.

Te oordeel na die jubelberigte in die Prog-pers meen hulle hul uur het gekom.

**Uiteindelik, dink hulle blykbaar, kan hulle al hul frustrasies botvier, en wil hulle op die rug van swartes en bruines die gehate Nat-regering op sy knieë bring.**

Gaan die PFP aansluiting soek by die UDF? Gaan die UDF die PFP toelaat om sy parlementêre arm te word, of gaan hy slegs buite-parlementêr die wêreld aan die brand probeer steek?

Die Progge was nie openlik teenwoordig by die geboorte van die nuwe United Front nie. Was hulle geïgnoreer?

Maak blykbaar ook nie saak vir linkses soos dr. Boraine nie. Hy jubel *fortissimo*.

● Dr. F. van Zyl Slabbert se verwelkoming vir die UDF is nog *moderato*, maar sy linkses gaan hom druk.

Die linkses jeuk klaarblyklik om volkome met die nuwe links-radikale beweging vereenselwig te word. En die ondervinding het geleer dat die Prog-leier voor sy linkses gaan lê voor jy "Di" kan sê.

● *The Van, wat bymekaargebring het wat nie bymekaar hoort nie, staan voor 'n ernstige nuwe toets – en op die agtergrond verrys die spook van Koos Strauss.*

Bd 25.08.83



Lood se Plaatjies



**Mnr. Koos Strauss . . . die verkiesing in 1953 was die begin van die einde vir sy leierskap.**

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-*Historical Papers, University of the Witwatersrand
*Location:-*Johannesburg
©2012

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.